LAURIKA RAUCH

Laurika het in Kaapstad grootgeword. Sy het op vyf begin klavierlesse neem en in die tyd ook lid geword van 'n kinderkoor - "Oom Hannes Uys se Kindersangkring" - in Pinelands. Na matriek verwerf sy die BA (drama)-graad aan die Universiteit van Stellenbosch en begin dan skoolhou. 'n Jaar later verhuis sy permanent na die Transvaal waar sy in 1975 vir TRUK SPEELWERK begin toneelspeel. Sy begin ook bekend word as sangeres en in 1979, met haar treffer "Kinders van die Wind", lui sy saam met 'n paar ander sangers 'n "nuwe era" in Afrikaanse musiek in. Sy het sewe solo langspelers op haar kerfstok en word dikwels op televisie gesien. Haar vorige album "Encore! Laurika" het reeds goue status bereik. Sy en Wessel van Wyk het in 1985 op uitnodiging, 'n reeks konserte in België en Londen gelewer. 'n Dokumentêre prent oor die besoek, LAURIKA IN BELGIË, is terselfdertyd deur 'n oorsese kameraspan vir SAUK TV gemaak. Laurika word vereenselwig met die soort liedjies op haar nuwe album "Stuur Groete aan Mannetjies Roux" wat pas op plaat, kasset en (vir die eerste keer) - laserskyf vrygestel is, maar sy het ook sedert 1988 'n gevolg vir haar kabaretoptredes begin opbou. Vir haar optrede in Stephan Bouwer se kabaret-konsert "Van Berlyn tot Bapsfontein" het sy die gesogte Gallo-toekenning vir die beste optrede in 'n musiekspel ontvang. Laurika is dwarsdeur die jaar besig met solo optredes wat hoofsaaklik by geslote funksies gelewer word. Sy word egter van tyd tot tyd wel op die publieke verhoog gesien. Sy sal vanaf Augustus vanjaar op die Johannesburgse verhoog te sien wees in 'n vertoning wat 'n jazz-karakter sal hê, en in November sal sy 'n eenmansvertoning vir TRUK lewer in 'n kabaretstuk wat spesiaal vir haar geskryf is. Sy woon in Pretoria met haar man en twee kinders.

WESSEL VAN WYK

Wessel is in Pretoria gebore en het grootgeword in Lyttelton. Op jong ouderdom toon hy alreeds musiektalent en tree gereeld op. Na sy skoolopleiding, en 'n jaar op verhoë as diensplig tige vir die Vermaaklikheidsgroep van die S.A.W., besluit hy om eerder 'n loopbaan as grafiese kunstenaar te volg. Omstandighede lei hom egter 'n jaar later terug in die musiekrigting. Sy uiteindelike kwalifikasies sluit 'n B.Mus.-graad sowel as 'n Voordraerslisensiaat in. Baie ure se oefen veroorsaak dat hy in 1978 tweede plek verower in die S.A.U.K.-Musiekpryskompetisie en eerste plek in die Unisa Oorsese-beurskompetisie. In Wenen oefen Wessel nog harder en meer en wen in 1981 'n Internasionale klavierkompetisie. Hy mis egter sy land en die son en keer na drie jaar terug na sy eie mense. Wessel het dus al op talryke geleenthede gemusikeer - in S.A., in Engeland, in die V.S.A., ook in Malawi. Onlangse prestasies sluit 'n optrede as solis met die Kaapstadse Simfonieorkes, konserte as lid van die Villa-Lobos Ensemble, en die tagtig persent voltooiing van 'n M.Mus-skripsie in. Wessel hou van meeste tipes musiek en waag dit ook op ligter gebied as begeleier vir Laurika. Saam gee hulle veelvuldige konserte - deur die hele S.A., S.W.A., selfs in Europa. Wessel kan soms laat op Radio Allegro gehoor word en oefen soveel as wat sy besige werkskedule as musieklektor by U.P. hom toelaat.

KABARET KALENDER 1990

22 - 28 Jul	:	Nataniël
23 Sept - 7 Okt	:	Elzabé Zietsman
28 Nov - 8 Des	:	ROCKY HORROR SHOW Elzabé Zietsman, Casper de Vries & Nataniël
24 - 31 Des	:	Nataniël

Bellingham

BLANCENBERGER

SO UNIEK SOOS DIE BERGE BY BELLINGHAM

After Dark

RESTAURANT

Queenstraat 80, PRETORIA SENTRAAL

Tel: (012) 325-6613

BIED AAN

LAURIKA RAUCH

in

"Stuur Groete aan Mannetjies Roux"

EN ANDER VERHALE

BEGELEIDING DEUR:

WESSEL VAN WYK

27, 29 Mei tot 2 Junie

TOEGANG:
R15,00 per persoon
Ete verpligtend
19h00

LET WEL:
Daar sal geen diens
tydens die vertoning wees nie